# Pretoria

Contributed by Henk Havenga SC

## Vyf en twintig jaar by die Balie

Die volgende drie lede het hierdie jaar die mylpaal behaal deur hulle 25ste jaar by die Pretoria Balie te vier: Johan Ströh SC, Stef Güldenphennig (Groot Stef); Ettienne Prinsloo (geassosieerde lid). Veels geluk! Ons hoop julle het nog baie produktiewe jare by die Balie.

## The class of 2008

Our 2008 pupils have just completed their examinations and by the time this issue is published, most of them would have started with their careers at the Pretoria Bar. A total of 38 pupils wrote the exam in September 2008. Of these seven passed without the need for an oral exam! Six failed the examination and the rest have to do the oral examination in October. Most of the pupils intend taking up practice in the various buildings in Pretoria. We shall introduce our new members in the first issue of 2009.

## New silks party

Die gebruiklike skemerkelkie vir die nege lede wat vroëer die jaar senior status verwerf het, is op 2 Oktober 2008 gehou - liewer laat as nooit.

## Bar dinner

The annual Bar dinner was again held at the Pretoria Country Club on 18 October 2008. The guest speakers, Judge Anneli Basson, Brenton Geach SC and Dikeledi Chabedi entertained the members with high quality speeches.

## Izak Geldenhuys

Ons het vroeer vanjaar berig oor die skilderkunstenaar in ons eie geledere, Izak Geldenhuys, wat op sy motorfiets deur Afrika toer vir inspirasie vir sy volgende uitstalling. Izak was egter gedurende Julie tydens 'n toer deur die noorde van Mosambiek in 'n ernstige ongeluk toe hy deur 'n taxi van die pad gedwing is. Hy het ernstige been- en rugbeserings opgedoen en ten tye van die skryf hiervan was hy nog besig om aan te sterk. Ons wens hom spoedige beterskap en 'n volkome herstel toe!

## Acting appointments

The following members of the Pretoria Bar held acting appointments during the period July 2008 to September 2008: Ben van den Heever SC, Sam Maritz SC, Louis Vorster SC, Hennie de Vos SC, Freek Terblanche SC, Mac Jooste SC, Dave Smith SC, James Goodey SC, Pat Ellis SC Andre Louw SC, Ettiene Labuschagne SC, Norman Davis SC and Seth Nthai SC.

## Our traveling chairman Ben Swart SC

Ben Swart SC again visited an exotic location during the June/July recess.

His article appears on page 32 of this issue.

# In memoriam

Mac Jooste SC is op 23 September 2008 oorlede na 'n jarelange stryd teen kanker. Die Balie en sy uitgebreide vriendekring het Mac geken as 'n uitmuntende juris, 'n mens-mens en, soos beskryf in sy begrafnisrede, as 'n 'man van ongekende durf en dapperheid.' Hy het tot die Dinsdag voor sy dood nog sy werk as waarnemende regter behartig. Dit is onmoontlik om in 'n kort bydrae reg te laat geskied aan 'n gewaardeerde kollega en ek volstaan met 'n paar aanhalings uit die begrafnisrede wat deur regter Eberhard Bertelsmann gelewer is:

'Sy insigte is glashelder uiteengesit en geen advokaat het ooit beter voorbereid in die hof verskyn nie. Maar Mac was nie gemaklik in die kalklig nie en dit is een van die redes waarom hy nooit die erkenning gekry het wat hy so ryklik sou verdien het nie. Ongelukkig het die huidige tydsgewrig geen ruimte vir sy vaste aanstelling op die regbank gelaat nie, maar nogtans is die bydrae wat hy as waarnemende regter die afgelope jare op sy stil en weloorwoë wyse gelewer het, van onskatbare waarde.

Mac was nie net 'n juris nie - hy was uiters veelsydig, 'n bekwame en filosofiese hengelaar, 'n kunstenaar by die braai en 'n deurwinterde rugbyspeler ... Hy het jarelank vir Doep du Pisanie gehelp om Tukkies en later Quins af te rig. Hoe uitstekend Mac se rugbytalent was, word soos volg deur Wynand Claassen, Springbokkaptein, in sy boek, *More than just rugby - The final chapter*, verhaal: "At this time I also came into contact with a man who was one of my first real rugby mentors, Mac Jooste. Mac had attributes as a coach and as a man… (H)e made a lasting impression on me in terms of allowing a captain to develop himself and his team by defining his own motivation and goals … I learned a great deal from Mac Jooste … He elevated aspects of the game to intellectual levels, and he could philosophise for hours on the correct way of doing things. He was enthusiastic, involved with his players in all spheres, a great friend …"'

Almal wat Mac geken het, kan hierdie woorde oor hom eggo.